# Kelkiewyn

http://proregno.wordpress.com/
Jaargang 5, Nr 1 • GRATIS!

Roepstem uit die Dorsland



## Christus se kerk is positief!


## Wat is die kerk?

## Is ons hoopvolle saaiers?

## My kind is verbonde aan ons Here

## Wat maak die kerk kragteloos?

# Christus se kerk ís positief!



In 'n onlangse TV-program sê iemand op neerhalende wyse: "Dit is mos maar die kerk se taak om teen alles te wees wat lekker is!" Sy woorde is nie juis oorspronklik nie. Van lankal af word die Christelike kerk met die karikatuur voorgestel dat ons anti-alles is.

**Die kerk ís wel anti**

Wat hierdie karikatuur laat inslag vind, is die feit dat dié prentjie van die kerk gedeeltelik waar is. In 'n sekere sin staan die kerk inderdaad in teenstelling met baie dinge. Die kerk het immers te doen met 'n groot teëstander: Satan self (1 Pet. 5:8). Om dan teenstand te bied teen ons teëstander, moet ons bereid wees om gekant te wees teen alles waarmee hy die kerk ten gronde wil rig. So nie, hys ons die wit vlag, en kort voor lank gooi ons die handdoek in!

Die kerk is egter nie 'n kerk van lafhartiges nie. Ons trek die wapenrusting van die geloof aan en sê ons teëstander die stryd aan (Ef. 6). Toegerus deur die Gees en die Woord kan ons sy aanvalle die hoof bied. Onder die leiding van die Gees bied ons teenstand. Hy lei ons om alle goddeloosheid af te lê (Kol. 3:5), om dit selfs nie onder mekaar te noem nie (Ef. 5:3), om met mense wat hulle met goddelose dinge besig hou, nie gemeenskap te hê nie (Ef. 5:7), en ons van hulle te onttrek (2 Tess. 3:6). So sal die kerk aan die duiwel geen vastrapplek gee nie (Ef. 4:27).

As die kerk dan anti-alles is, is ons anti die duiwel en alle werke van goddeloosheid. Daarom hét die kerk 'n taak om teen sekere dinge te getuig — teen onsedelikheid en bedrog, teen geweld en afgodery, teen valsheid en laster. Ten spyte van die 'lekker'-vaandel waaronder hierdie goddelose werke gepropageer word, is nie een daarvan lekker nie, maar bring dit tot slawerny (Rom. 6:12). Daarom sál die Afrikaanse kerke nie genoeë neem met Sondagsport wat op die Afrikaanse gemeenskap afgedwing word nie; daarom sál ons weier om te aanvaar dat pornografie (ook in Afrikaans!) ons tydskrifrakke ontsier; daarom sál die kerke weerstand bied teen gruwelike lastering van die Here wat ook in ons Afrikaanse dagpers begin kop uitsteek. Teen sulke dinge sal die kerk wees. Teen sulke dinge moet die kerk wees. Want met sulke dinge wil ons teëstander, die duiwel, die kerk verslind (1 Pet. 5:8).

**Die kerk is bo alles pro**

Maar wie op grond hiervan wil beweer dat die kerk teen alles is, hou hom met 'n halwe waarheid besig. Inderwaarheid laat die bewering dat die kerk teen alles is, die grootste deel van die waarheid buite rekening, naamlik dat Christus se kerk in sy wese 'n pro-kerk is.

Die groot opdrag wat die kerk ontvang het, is juis om ten gunste te wees — ten gunste van die Here God. God het sy kerk in die wêreld gestuur om vir Hom en van Hom te getuig, soos Hy Hom in Jesus Christus geopenbaar het. En die getuienis aangaande Jesus Christus is van begin tot einde positief!


As die mens die Bybel noukeurig lees, sien jy dat die opdragte aan die kerk om positief op te tree, by verre meer is as die opdragte om af te wys. Dink maar aan: "Jaag altyd na wat goed is. Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar" (2 Tess. 5:15-18). Daar is ook die baie positiewe opdrag van Handelinge 1:8: "*Julle sal my getuies wees*", nog duideliker uitgespel in Timoteus 4:2: "*Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig ...*"



**Wie is werklik negatief?**

Op die positiewe Woordverkondiging van die kerk kom dit aan die lig wie werklik 'n anti gesindheid het. In 2 Timoteus 3:8 skryf Paulus oor die mense "wat die waarheid teëstaan," en in 4:3 skryf hy: "*Daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie*." Ja, die groot anti-beweging kom van die volgelinge van die teëkoning, Satan, wat van begin tot einde gekant is teen God en sy waarheid. Hulle werp alles in die stryd om die waarheid van God af te kraak en te relativeer of verdag te maak.

Maar die kerk - nadat ons al hulle anti-pogings afgeweer en afgewys het, gaan positief voort om die waarheid van God Drie-enig in Jesus Christus te proklameer.



Prof. GJC Jordaan



# Wat is die kerk?

Die kerk is 'n vergadering van gelowiges wat die Here deur sy Woord en Gees vergader. Die kerk is nie 'n genootskap of vereniging nie, want verenigings word deur mense tot stand gebring. Die kerk daarenteen word deur die Here vergader. Die middele waardeur die Here sy kerk vergader is sy Woord (die lees en verkondiging van die evangelie) en die werking van sy Heilige Gees.

**Verskillende kerke**
As gevolg van die sonde is die mens se verstand verduister sodat hy nie alles helder en duidelik kan verstaan nie — ook nie die Woord van God nie. Daarom is sekere dele van die Bybel deur verskillende mense verskillend verklaar. Hierdie verskillende verklarings het tot gevolg gehad dat daar verskillende kerke en sektes tot stand gekom het, byvoorbeeld Roomse, Lutherse en Gereformeerde kerke. Dit is natuurlik 'n sondige toestand. Daarom moet daar steeds gestreef word om deur reformasie (hervorming, bekering) die verskillende kerke tot 'n eenheid te laat kom en onderlinge verskille uit te wis. Om 'n ware kerk te bly, moet die kerk homself gedurig reformeer (bekeer). Hy moet homself in leer en lewe voortdurend toets aan die Woord van God. Verkeerde dinge moet nagelaat en uitgesuiwer word en die regte dinge wat God wil, moet gedoen word. Daarom word gesê dat die Gereformeerde Kerke hulself gedurig moet reformeer.

**Die ware en valse kerk**
Die ware kerk Volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is daar drie kenmerke waardeur die ware kerk en die valse kerk onderskei word, naamlik: die suiwer bediening van die Woord; die suiwer bediening van die sakramente; die suiwer uitoefening van die tug;

- **Die suiwer bediening van die Woord.**
  Aangesien die Heilige Gees die geloof werk en versterk deur die verkondiging van die Woord, is dit noodsaaklik dat dit reg en suiwer bedien moet word.
- **Die suiwer bediening van die sakramente.**
  Die sakramente, naamlik die doop en die nagmaal, moet bedien word presies soos God ons in sy Woord beveel, want daardeur wil die Here ons geloof versterk.
- **Die suiwer uitoefening van die tug.**
  Deur die tug moet die wat hulle goddeloos gedra, vermaan en bestraf word, en as hulle volhard, uiteindelik uit die kerk uitgesluit word. Die tug is ook noodsaaklik, want daarsonder kan nie toegesien word dat die Woord suiwer verkondig en die sakramente suiwer bedien word nie. 'n Kerk sonder tug is soos 'n regering sonder polisie en 'n militêre mag.

**Die valse kerk**
Volgens artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is die kentekens van die valse kerk die volgende:

- Dit is ongehoorsaam aan die Woord van God.
- Dit heg meer gesag aan sy eie ordinansies en besluite as aan die bepalings van die Woord van God.
- Dit bedien die sakramente nie in ooreenstemming met die bevel van Christus nie, maar volgens hulle eie idees.
- Dit vervolg diegene wat volgens die Woord van God wil lewe en die kerk vanweë sy sondes en dwalinge bestraf. As 'n valsgeworde kerk weier om hom te bekeer (te reformeer) en sy sondes na te laat, moet die ware gelowiges dit laat vaar en 'n suiwer kerk vorm soos Luther in Duitsland en ds. De Cock in Nederland gedoen het. (Openb. 18:4: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.")

**Kerkregering**
Jesus Christus is die eintlike Regeerder van die kerk. Hy is die Koning van die kerk. Hy regeer sy kerk deur sy Woord en Gees. In sy Woord sê Hy wat ons moet doen en hoe ons moet lewe om God te eer en die ewige lewe te beërwe.

Deur sy Heilige Gees maak Hy ons gewillig en bereid om volgens sy Woord te lewe en Hom te dien en te eer. In die regering van sy kerk maak Christus egter gebruik van mense wat Hy (deur stemming of toestemming) tot die ampte roep. Hierdie ampte is die herders en leraars (predikante), die ouderlinge en die diakens.

- **Die herders en leraars.**
  Hulle vernaamste taak is om die Woord van God te verkondig (profetiese amp). As herders staan hulle in dieselfde amp as die ouderlinge (1 Tim. 5:17).
- **Die ouderlinge.**
  Hulle oefen die regering in die kerk uit (koninklike amp). Hulle moet as herders toesig hou oor die kudde (die gemeente van God) en vir hulle voorbeelde wees (Hand. 20:28, 29; 1 Pet. 5:2). Hulle moet toesien dat die gemeente lewe volgens die Woord van die Here en diegene tug wat dit nie doen nie.
- **Die diakens.**
  Hulle moet die armes versorg (priesterlike amp) (Hand. 6:1-7). Die gemeente moet deur hulle offergawes die diakens in staat stel om die armes behoorlik te versorg.

**Die taak van die kerk**
Onder die invloed van die humanisme en die liberalisme is die taak van die kerk in die verlede soms beskou as 'die vorming van goeie en deugdelike mense' wat vir staat en maatskappy nuttig kan wees. Dit is heeltemal verkeerd!

Die groot taak van die kerk is om Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker te verkondig en die mense op te roep om hulle van hulle sondes te bekeer en in Hom te glo (Matt. 28:19). As die kerk dit doen, sal hy ook die sout van die aarde en die lig van die wêreld wees (Matt. 5:13-16).



Prof. Paul de Bruyn

Waarom is dit belangrik dat mense moet hoor wat die Bybel sê? Waarom wil die kerk hê dat die Woord van die HERE aan alle mense verkondig moet word? Dit is nodig om hierdie vraag aan onsself te stel. Dit is nodig dat ons mooi daaroor nadink want dit gee vir ons die mikpunt waarom die kerk vir mense vertel wat die Bybel sê. Kom ons stel die vraag in 'n beeld wat die Bybel self gebruik en wat ons verstaan: waarom het Paulus geplant (1 Kor. 3) óf selfs waarom word daar gesaai (Matt. 13)? Die antwoord het baie kante. Kom ons neem een daarvan.

**Saai die kerk om groei te sien?**
Dit sal vir ons eienaardig wees as ons by 'n boer kom wat plant maar nie 'n verwagting in sy hart het dat daar 'n oes sal wees nie. 'n Boer wat net plant maar geen hoop het van 'n oes nie? Selfs die Bybel leer ons dat oes saam met saai gaan. Ons weet die Bybel sê: "*want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai*"(Gal. 6.) Die gelykenis van die saaier vertel vir ons hoe die saad val en hoe daar groei is maar ook selfs nie is nie. Wanneer daar dus gesaai word, is daar nie net die verwagting van groei nie, maar ook die bekommernis van geen groei. Eenvoudig gestel, verwag ons een van twee dinge as die Woord van die HERE gesaai word: groei óf geen groei. Dit is die realiteit. Sommige sal die Bybel hoor en dit glo en ander sal dit hoor maar nie glo nie. Almal glo nie… almal groei nie.

**Hoe lyk groei?**
Vir enige iemand wat plant is dit nodig om te sien of daar groei is. Dit klink na 'n eenvoudige saak: jy kyk of daar iets uit die grond kom óf nie, maar dit is net hulle wat plant wat weet waarvoor om te kyk, want hulle weet wat geplant is. Hulle wat die Woord van die HERE hoor en dit net van hulle af wegstoot is eenvoudig om uit te ken, maar daar is hulle wat lyk asof hulle glo, maar nie waarlik glo nie. Die Bybel praat van hulle wat die gedaante van godsaligheid het (2 Tim. 3). Iemand wat skynbaar lyk soos die groeisel van die saad wat gesaai is, maar nie werklik is nie.

As die kerk hoor dat die Bybel daarteen waarsku moet ons nederig word en gewaarsku wees. Veral in ons elkeen se eie lewe. Ons moet nie net ander wil toets of hulle van die goeie saad van die Woord is nie, maar ons moet onsself deurgaans toets (2 Kor. 13). Ons hoor dan hoe Lidia die apostels gevra het om haar geloof te toets: "as u oordeel dat ek in die Here glo, kom dan in my huis en bly daar" (Hand 16). Kom ons kyk wat met Lidia gebeur het in Handelinge 16:

1. **Sy het geluister**. Luister staan teenoor die skyngelowige wat nie wil luister na die Woord van die Here nie, maar al hul eie antwoorde het. Op die einde van die dag luister hulle net na hulle eie idees en planne.
2. **Haar hart is geopen**. 'n Hart wat geopen is, is 'n mens wat die nuwe lewe in Christus ontvang het. Die Bybel sê: God het die hart van klip verwyder en 'n hart van vlees gegee (Eseg. 11). So 'n persoon word deur God self verander van binne af.
3. **Sy het ag gegee**. Hier word met ag gee bedoel dat Lidia tot geloof gekom het. Sy het geglo wat Paulus vir haar gesê het. Dit hou in dat dit wat Paulus gesê het haar gedagtes gevul het; sy ernstige aandag daaraan gegee het; dit in haar hart bewaar het.
4. Sy het toe in vers 15 gevra **dat haar geloof getoets** word. Dit is duidelik dat 'n ware gelowige bereid is om oor sy lewe te praat voor die Here; dit wat die wêreld diep in die hart nie kan sien nie, oop te maak sodat dit in die lig van die Woord gemeet kan word.

Dit is hoe groei lyk nadat Paulus geplant het en God laat groei het (1 Kor.3). Dit is wat enige saaier van die Woord van die Here van harte wil sien. Waarvoor hy met groot spanning wag… soos 'n boer op sy oes. En as die kerk dit sien, kan ons saam met Dawid bly wees en sê: "*aangaande die heiliges wat op die aarde is, sê ek: Hulle is die heerlikes in wie al my behae is*" (Ps. 16).

**Wat het Paulus gesaai?**
Maar wat het Paulus daardie dag vir Lidia gesê? Die presiese woorde weet ons nie, maar die hoofsaak weet ons verseker. Paulus sê dit self as hy aan die Korinthiërs skryf: "*..ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus..*" (1 Kor. 2; Hand. 13:47-48). Paulus het Lidia vertel van Jesus Christus. Deur hierdie saad het God gewerk om die nuwe lewe van groei in haar te werk.

Tog was daar ander vir wie Paulus ook van Jesus Christus vertel het wat geen groei getoon het nie. Van hulle het Paulus af weggegaan en soos daar staan: "*…hulle het die stof van hulle voete afgeskud*" (Hand. 13:51; Mark. 6:11).

**Is ons hoopvolle saaiers?**
Ons saai dus nie om ons eie standpunte te verdedig nie of om te wys ons is reg en jy is verkeerd nie. Paulus het nie gekom en homself probeer bewys nie. Inteendeel, hy het Jesus Christus kom verkondig en alleen as instrument opgetree. Dit is die rol van die saaier. Dit gaan nie oor die saaier nie, maar oor die saad.

Die kerk saai dus hoopvol, met die hoop dat daar groei sal wees vanuit hierdie kosbare saad. Omdat dit saad is wat ons lewe gegee het, wil ons graag in ander die nuwe lewe in Christus sien wat groei.

Ons saai dit in ons kinders, in die kerk en in die wêreld met die verwagting van groei… want dit is alleen wat groei kan bring – alleen die saad van die Woord.



Ds. Dirk Dykstra





# Wat maak die kerk kragteloos?

Ons Here Jesus Christus het gesê dat ons die sout van die aarde en die lig van die wêreld moet wees (Matt. 5:13,14). Daarmee het Hy ons geleer dat die kerk 'n roeping het om koers aan 'n rigtinglose wêreld te gee en smaak aan 'n samelewing wat in uitsigloosheid verval het.

In dieselfde asem het Hy egter ook gewaarsku dat die sout laf kan word — kan verslaan. Dan, sê Hy, deug dit vir niks meer nie (Matt. 5:13). Wanneer die kerk self nie meer smaak het nie, kan dit nie aan die samelewing smaak gee nie, kan dit nie sy roeping in die wêreld vervul nie. Dan het die kerk, om die moderne cliché te gebruik, 'irrelevant' geword. Maar wat maak die kerk smaakloos? Wat laat die kerk sy krag verloor? Daar is verskeie oorsake wat 'n mens kan aanwys.

**Wie nie sterk standpunt inneem nie**

Om sout van die wêreld te kan wees, moet die kerk bereid wees om sterk beginselstandpunt in te neem. Dit op sigself is miskien moeiliker as wat dit klink. Want in die moderne wêreld met sy 'New Age'-mentaliteit is mense wat sterk standpunt inneem, ongewens. Mense moet hulle stem laat hoor, ja, maar dit moet altyd 'n paaiende en strelende stem wees. So nie, is jy 'n 'skei-breker' of 'pretbederwer'. Wanneer die kerk onder hierdie druk sou begin swig en maar net 'n paaiende en strelende stem laat hoor, het die sout laf geword. Kenmerkend van so 'n kerk is dat dit nie meer die moed van die oortuiging het om sterk standpunt in te neem nie - nie na binne nie en ook nie na buite nie.

**Na binne die weg van minste weerstand**

Na binne word maar die weg van die minste weerstand gevolg:

- die tug word met die slap hande van Eli hanteer;
- om vredeswil word dit maar geduld as daar wanklanke van die preekstoel af sou begin opklink; vreemde verskynsels in die erediens word vredesonthalwe maar aanvaar;
- oor die algemeen word onordelike optrede nie teengestaan nie 'want ek wil tog nie na 'n moeilikheidmaker lyk nie'.

Al wat die kerk dan oor het, is 'n kerklike organisasie wat 'n rimpellose oppervlakte na buite vertoon. Dan is daar weinig kommer oor die beginsel van kerkwees.

**Na buite die wêreld napraat**

Die kerk wat nie meer met die moed van die oortuiging na binne kan optree nie, kan dit ook nie na buite doen nie. Na buite wil dit ten alle koste net nie konfronterend optree nie. Daarom sal dit redes begin soek:

- waarom dobbelary nie meer so erg is nie;
- waarom pornografiese tydskrifte en rolprente maar toegelaat kan word;
- waarom Sondagsport geduld kan word;
- waarom kommunisme nie meer 'n bedreiging is nie;
- waarom ander godsdienste nie meer as vals en heidens beskou moet word nie.

Wanneer die kerk so begin optree, het dit sy eie stem ingeruil vir dié van die wêreld. Dan is dit die hande van Esau, maar die stem is die stem van Jakob. So 'n kerk oefen nie meer sy profetiese taak in die wêreld uit nie. In plaas daarvan om Christus na te praat, het die kerk 'n blote naprater van die wêreld geword.


**Soek eers die koninkryk van God**

As die kerk sou hoop om op hierdie manier relevant in die wêreld te bly, wag daar ontnugtering. Op die ou einde het die wêreld ook maar min erg aan 'n kerk wat nie die moed van die oortuiging het om sy eie beginsels te handhaaf nie. Dan word die sout wat laf geword het, onder die mense se voete vertrap. Buitendien is dit nie die taak van die kerk om eie eer en aansien in die wêreld te soek nie. Die Here se opdrag is ondubbelsinnig dat ons só in die wêreld moet optree dat die wêreld niemand anders nie as ons Vader wat in die hemel is, sal verheerlik (Matt. 5:16).

**Biddend werk**

Laat ons daarom bid - en bly bid - dat God aan ons in ons swakheid die genade en die krag sal gee om maar net 'n klein bietjie hiertoe by te dra: dat die wêreld die eer aan niks of niemand anders as aan Hom sal gee nie. Laat ons bid - en bly bid - dat Hy aan ons die ywer en die volharding sal gee om sy evangelie te bly verkondig, onverswak, onvervals. As ons die krag en die genade daartoe ontvang, dan is ons uit Bybelse perspektief nooit irrelevant in die wêreld nie, want ons is soos goeie sout wat aan die wêreld smaak gee.

Prof. Gert Jordaan







# Die wil van die Vader is die grondslag van ware kerkwees.

Lees: Matteus 21: 28 - 32. Teks: v. 31a.

Heidelbergse Kategimus: Sondag 33, vr. en antw. 91.
Sing: Ps. 89: 1, 6.

**Ons Verhouding met God**
Die verhouding waarin ons met God staan, vorm die basis van ons kerkwees. In ons Skrifgedeelte trek Jesus Christus vir ons 'n baie duidelike lyn met betrekking tot die belangrikheid van dade wanneer dit by geloof (ons verhouding met God) kom. In die gelese gedeelte is dit die twee seuns se onderskeie dade wat uiteindelik duidelik maak en bevestig in watter verhouding hulle tot hulle vader gestaan het. Die eerste seun se daad (om te gaan werk in die wingerd) het bewys dat hy in die regte verhouding met sy vader geleef het. Oorspronklik was daar iets wat hom disrespekvol teenoor sy vader laat staan het, maar dit het gou plek gemaak vir berou, omdat die verhouding met sy vader eg en suiwer was. Die tweede seun daarenteen het mooi geklink aan die begin, maar omdat daar geen diepgang en egtheid was in sy verhouding met sy vader nie, het die vader se opdrag net so vergete bly lê.

**'n Daadlose geloof**
Dit gebeur baie maal dat mense met die mond sê dat hulle christene is, maar wanneer daar na hulle lewe gekyk word, dan sien jy alles behalwe christenskap. Daar is geen teken van 'n egte verhouding met God nie. Dit is hierdie tipe van christenskap wat die mat onder die voete van die kerk uitruk; wat die werk en die rol van die kerk kragteloos en sinloos maak, en wat die kerk uiteindelik irrelevant maak. 'n Kerk waar die lidmate nie in 'n egte verhouding met God leef nie, is geen kerk nie. Hierdie tipe van christenskap kom neer op 'n oortreding van die derde gebod – dit is niks anders as 'n ydelike gebruik van die HERE se Naam nie. Dit is van deurslaggewende belang dat dit wat met die mond bely word, ook met die daad opgevolg sal word. Eers dan kan gepraat word van 'n ware geloof.

In Matteus 7:21 sê Jesus "N*ie elkeen wat vir my sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.*" Dade bekragtig geloof. Sonder dade is geloof kragteloos; sonder betekenis; dood. Jakobus 2: 26 leer: "*Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.*" Ons sou dus kon sê dat geloof bestaan uit bely en doen. Dit is presies wat die Heidelbergse Kategismus leer in Sondag 7, vraag en antwoord 21, naamlik dat geloof uit twee dele bestaan, dit is kennis en vertroue. Kennis lei tot belydenis en vertroue kry sigbaar gestalte in die doen. Kennis (belydenis) sonder vertroue (doen) is betekenisloos en nutteloos.

**Belydenis**
Wanneer iemand sy geloof bely, beteken dit dat daardie persoon sê dat hy in die God van die Bybel glo. Om dit te kan sê, is 'n bepaalde kennis oor die God van die Bybel nodig. Daardie kennis vind ons in die Heilige Skrif. Dit word vir ons duideliker en meer verstaanbaar uiteengesit in die belydenisskrifte. Wanneer so 'n persoon op grond van hierdie kennis waarlik oortuig is in sy hart van sy afhanklikheid van die Drie-enige God om salig tot in ewigheid te kan lewe en hy vertel dit vir die mense rondom hom, dan praat ons van 'n geloofsbelydenis.

**Lewe/Dade**
Wanneer ons by die punt van 'n mondelingse geloofsbelydenis gekom het, is ons nog net halfpad. Hierdie geloofsbelydenis moet nou gelewe word. Eers dan het ons te make met 'n ware geloof. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie lewe/dade 'n lewe/dade moet wees wat berus op die kennis wat geput is uit die Woord van God, en nie op enige iets anders nie. Die seuns in ons gelese gedeelte het 'n baie duidelike en spesifieke opdrag van hulle vader ontvang, naamlik om in die wingerd te gaan werk.

Hulle kon nie maar agterna besluit om dalk in die koringland of in die beeskraal te gaan werk nie. Indien die eerste seun dit sou doen, het hy steeds nie sy vader se opdrag uitgevoer nie. Om die opdrag uit te voer, moes hy en het hy in die wingerd gaan werk. Die woord van die vader het die daad wat uitgevoer moes word, bepaal.

Slegs God se Woord gee die nodige kennis vir die volkome toerustig tot goeie werke vir die mens van God. In 2 Timoteus 3: 16 en 17 lees ons "*Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.*" Indien dit op iets anders berus, sal dit nooit op volkomendheid aanspraak kan maak nie. Dit sal altyd gebrekkig bly en so 'n mens sal dus nooit die Here kan liefhê en dien met sy hele hart, siel en verstand nie.

Boonop sal so iemand ook skuldig wees aan oortreding van die tweede gebod want hy het sy eie beeld naas of in die plek van die Woord van God gestel om as norm te dien vir sy lewe, terwyl God juis sy Woord vir ons gegee het as enigste en volmaakte beeld van hoe Hy gedien en geëer moet word.

So sien ons nie alleen dat 'n persoon se belydenis op kennis van die Woord van God berus nie, maar dat ook die dade wat daardie belydenis bevestig, berus op die Woord van God. Dawid het die HERE geken, maar toe hy daardie kennis van hom tot die daad wil bring (2 Sam. 6 en 1 Kron. 13), maak hy die fout om nie God se Woord te raadpleeg nie, en hy tree op volgens sy eie goeddunke. Die gevolge was katastrofies. Dawid moes ook die les leer dat geloofsdade, dade is wat alleen op die Woord van God begrond is (1 Kron. 15: 13).

Op hierdie punt is dit belangrik om in te sien dat God ons juis belet om ons eie beelde te maak, omdat Hy ons liefhet en nie wil hê dat ons op dwaalpaaie moet beland wat betref ons verhouding met Hom, omdat ons 'n norm/s gehad het vir ons lewens wat nie die koers honderd persent aangedui het nie.

Daarom word hierdie saak ook pertinent aangespreek in die Heidelbergse Kategismus Sondag 33, vraag en antwoord 91 waar die vraag gevra word "*Wat is goeie werke?*" met die antwoord "*Slegs die wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie.*" Hierdie waarheid bepaal die wese van 'n egte verhouding met God. Dit is die wese van 'n ware geloof.

**Waar staan ek en jy wat betref hierdie saak?**
Hoe lyk ons verhouding met die Vader... ons wat so maklik sê dat ons christene is; ons wat ook eens voor 'n kansel gestaan het en belydenis van geloof afgelê het? Waarvan getuig ons lewens? Getuig dit van 'n egte en gesonde verhouding?
Wanneer ons onsself evalueer, kan ons werklik aanspraak maak daarop dat ons kerk is? As ons daaraan dink dat geloof is om te bely en om te doen, glo ons dan werklik?

Dit is nodig dat ons die belangrikheid van hierdie saak sal insien en dat ons God se stem sal hoor wat roep tot 'n egte verhouding met Hom. Alleen in 'n egte verhouding kan ons praat van ware christenwees en ware kerkwees. So alleen het ons bestaan sin en betekenis.



Ds. Hector Jooste

Die kerk is beslis nie die gebou waar ons vergader nie, dis ook nie een of ander menslike instelling soos 'n besigheid of maatskappy nie, maar eerder 'n groep mense wat deur die Here self vergader word. Dis 'n geestelike huis. Hierdie mense is die gelowige kinders van die Here wat Hom saam dien. Dis die lidmate in die besondere ampte van predikant, ouderling en diaken en ook elkeen wat staan in die amp van gelowige, met ander woorde elke gelowige.

Die woord kerk is afgelei van die Griekse woord 'kuriakos' wat 'aan die Here behoort' beteken. In die hoogste sin verwys die naam kerk slegs na hulle wat gered is. Die naam herinner ons aan die ware lidmate van die kerk wat "*... uit die duisternis tot sy wonderbare lig*" (1 Pet. 2:9) geroep is.

In Efesiërs 1 noem Paulus die kerk "*die liggaaam van Christus*". Daar is ongelukkig vandag min mense wat weet wat die Bybel leer oor die kerk en ewe min mense wat weet hoe belangrik die kerk is en wat die taak van die kerk is.

In hierdie Kelkiewyn staan ons in besonder stil om te kyk na die kerk van die Here. Prof. Gert Jordaan begin hierdie uitgawe in die rubriek Ywer, deur 'n paar algemene vrae oor die Kerk te beantwoord en vertel dat die Kerk wel positief is.

Prof. Paul de Bruyn raak relevant deur 'n paar algemene vrae oor die kerk te beantwoord. Ds. Dirk Dykstra bespreek onder Mikpunt die kerk se saaiwerk.

Die Kuikens het 'n aktiwiteit om te voltooi nadat pa en ma saam met hulle gelees het uit die Bybel, Leeslus bespreek 'n herdruk van die Heidelbergse Kategismus, evalueer Desmund Tutu se boek: 'Children of God' en Cynthia het 'n heerlike Marshmallow Tert Opgedis.

Maatstok meet die boek, 'die hemel is 'n werklikheid', Webvlug staan in hierdie uitgawe terug om 'n nuwe vereniging (VARS) wat in Namibië gestig is om Christelike Onderwysers op te lei bekend te stel en Morne Diedericks vertel by Verbonde van sy ondervinding met die doop van sy eerste kind.

Medisyne maak plek vir aktueel. Hierin bespreek ons, jou gesindheid teenoor iemand van 'n ander gemeente. Bybelblokraai 3 verskyn en Wie is in beheer is oudergewoonte ook ingesluit.

Ds. Hector Jooste oordink die grondslag van ware kerkwees en Ds. Hannes Noëth kyk in Leef na rus in die Here.


Dit is ons bede dat die Kelkiewyn jou in jou geloofslewe sal toerus. Geniet elke eier hierin gelê en mag die roep van die Kelkiewyn in jou hart broeiplek kry en in jou lewe opvlieg!

**Redaksie**

**Redakteur**
Ds. Neil Prinsloo
redakteur@kelkiewyn.za.net
+264 81 -294 0055



**Taalsuiwerheid**
Tienie Duvenhage
info@uitspanhunting.com



**Bladuitleg**
Dina Adamson
dina.adamson@iway.na



# God maak gelowiges



**Ons weet dat God sommige mense red; hoekom nie ander ook nie?**
Miskien wonder u, as God dan soewerein (Alleenheerser) is, hoekom red Hy nie alle mense van hul sonde nie? Ons kan nie sê dat sommige mense te sleg is vir God om te red nie, want God se dienskneg Paulus skryf in 1 Timoteus 1:15 dat hy die vernaamste sondaar was. As God dan die vernaamste sondaar kan red dan is geen mens te sleg om gered te word nie. Kan God sommige mense nie red nie bloot omdat hulle nie gered wil word nie?

**Kom ons kyk na die ondervinding van mense wat tot geloof gekom het.**
Voordat hulle Christene geword het, het hul God nie geken nie. Hulle het hul eie pad geloop en het God se weg nie geken nie. Dus, wat het hulle verander en hulle die mense gemaak wat hulle nou is? 'n Christen sal antwoord met die woorde van 1 Korintiërs 15:10: "*Maar deur die genade van God is ek wat ek is*". Alle ware Christene sal sê dat, hoewel hulle steeds verantwoordelik is vir hulle eie handelinge, God deur sy genade, hulle wil beheer en rig. Dit beteken dat hulle gewillig was om God as Verlosser te ontvang; maar dit was God wat hulle in die eerste plek gewillig gemaak het.

Dit is net gedeeltelik waar om te sê dat mense nie gered word omdat hulle nie wil glo nie. Dit is nie die hele waarheid nie. Waarom glo mense dus nie? Dit is omdat hulle nie geloof het nie. Geloof is God se gawe en God gee hierdie gawe aan die mense wat Hy uitverkies het, want ons lees in Handelinge 13:48 "*Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword.*"

Die rede waarom God nie almal red nie, is dus omdat God die Vader soewerein is, ook in verlossing. Hy gee mense sy gawe van geloof net soos dit Hom behaag.

**Wat leer die Bybel oor God se Soewereine redding?**
Romeine 9:21-23. Dit vertel ons dat God soos 'n pottebakker en ons soos die klei is. Die mense wat God uitverkies het en die wat Hy nie uitverkies het nie, is een en dieselfde. As God die wat Hy uitverkies het nie red nie, sal almal hel toe gaan. God maak egter 'n verskil tussen mense, net soos 'n pottebakker verskillende potte sal maak - party as ornamente, ander vir alledaagse gebruik. God kan maak net soos Hy wil met die mense wat Hy geskape het en Hy, die Regter oor die hele aarde, sal doen wat reg is.

Die Bybel, soos ons reeds gesien het in Handelinge 13:48, vertel ons dat hulle wat vir die ewige lewe bestem is, sal glo. Hierdie vers leer duidelik dat geloof alleen 'n gevolg is van God se keuse. Dit wys ook dat slegs sommige mense uitverkies is tot die ewige lewe en dit beteken dat hulle ook van hulle sonde verlos is. Die vers wys dat almal wat deur God uitverkies is, voorwaar tot geloof in die Here Jesus Christus sal kom.

**Romeine 11:5 – Verkies deur genade**
Die teksgedeelte vertel ons dat daar mense in die wêreld is wat uitverkies is deur God se genade. Dit vertel ons hoekom hulle uitverkies is om gered te word. Hul is nie uitverkies omdat God gesien het dat hulle later goeie dade sou doen nie. Hulle is uitverkies bloot as gevolg van God se goedheid teenoor mense - mense wat dit hoegenaamd nie verdien nie.


**1 Korintiërs 1 :26-29 – Niks te make met jou deugde**
Die teksgedeelte leer dat God nie geleerdes en invloedrykes gekies het om in Hom te glo nie. In der waarheid kies Hy mense wat eenvoudig en swak is. Dit wys dat dit God is wat mense uitverkies om gered te word, want deur mense te kies wat swak en eenvoudig is, bewys dat dit niks te make het met hul eie deugde nie. Dit is suiwer uit God se eie barmhartigheid en vir geen ander rede nie.

**Efesiërs 1:3-5 – Verkies voor die wêreld geskape is**
Die teksgedeelte vertel dat God sy kinders uitverkies het voor die grondlegging van die aarde. Hy het hulle uitverkies om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees - sy seuns en dogters. Dit wys dat God se kinders uitverkies is lank voordat die eerste mens gesondig het, en dit wys vir ons hoekom God sy kinders uitverkies het. Hy het hulle gekies om "*heilig en sonder gebrek voor Hom te wees*". Hy het hulle gekies om sy kinders te wees.

**2 Tessalonisense 2:13 - Verkies deur die werk van die Heilige Gees**
Hier dank Paulus vir God dat Hy die Tessalonisense verkies het deur die werk van die Heilige Gees en deurdat hulle die waarheid geglo het. Dit leer dat God se kinders uitverkorenes is en dat hulle verkies is om gered te word. Die Heilige Gees verseker dit.

**2 Timoteus 1:9 – Gered nie op grond van wat jy doen nie.**
Die teksgedeelte vertel dat God sy kinders roep en red, nie as gevolg van wat hulle gedoen het nie, maar uit sy goedheid en liefde wat Hy aan sy kinders gewys het. Dit was besluit voordat die wêreld begin het.

**Die Bybel vertel dat God sekere mense uitverkies om hulle te red.**
Omdat God hulle uitverkies het, soek hulle na God. Daarom is daar geen rede vir jou om beangs te wees nie. As jy Hom soek, beteken dit dat Hy jou reeds gekies het. Mense hunker nie van nature na God se verlossing nie, want hulle is geestelik dood vir God. Dus, as u die verlossing wat God gee, wil hê, is daardie hunkering die bewys dat God u wil hê. Dit is een van die nuttigste waarhede in die Bybel. Moet nie daaraan twyfel nie. Geloof is 'n gawe, dus as jy glo, het God daardie geloof gegee, omdat Hy wil hê dat jy dit moet besit. Dit is 'n wonderlike gedagte, nie waar nie?




# Raai, raai ...

**Af:**

1 hom van die Here gebid (1 Sam.)
2 3de boek
3 Hy het dit aan hulle gegee in Matt.10
4 onder meer (afk)
5 hy het my verslind (Jer. 51)
6 europium (simbool)
7 kortsig (afk)
8 Lantaan (simbool)
9 Ficksburg se ou registrasie
10 sien
11 voorvoegsel
13 geestelike toestand
16 gees wat deur waterlose plekke gaan (Luk. 11)
18 Hy wat daarop sit (Open. 4)
19 die wêreld is vuil, volgens 2 Petrus 2
20 gety
21 barium (simbool)
22 jou eie
24 leraar
25 alkoholiste anoniem (afk)
26 broeders (afk)
28 nommer (afk)
32 voorvoegsel
33 susterskerk
34 waterkante
35 Witbank se ou registrasie
36 tydperk
37 tydperk wat God geskape het in dae
38 seun van Tagat (1 Kron. 7) {NAV}
40 stof van hul voete afgeskud (Hand. 13)
41 vrou van Juda se oudste (Gen. 38)
42 knoeier
44 agter voegsel
47 onkundig
48 insake
53 profeet
54 dit is waar, dit is seker
55 volt-ampère (afk)
58 randon (simbool)
60 grafeer
61 seun van Nahor (Gen. 22)
62 Iridium (simbool)
63 en elders (afk)
66 ter plaatse (afk) {in loco}
67 woonplek van rigter Abdon (Rig. 12)
68 verslaande stad (Jos. 8)
69 word 'n einde gemaak (Jer. 48)
71 boonste deel van skedel
73 doop in die plek daarvan
74 landstreek in Handelinge 16 {NAV}
76 middel eeue (afk)
77 atmosfeer (afk)
81 mans naam
82 affêre
88 natrium (simb)
90 Efesiërs (afk)
93 onses insiens (afk)
94 … en nee nee (Jak. 5)
95 binne

Dwars:

1 Batseba se seun
5 tien geboorte
12 emiritaat
14 vader van Samma (2 Sam. 23)
15 en ander (afk)
17 Dawid was sy moordenaar (2 Sam. 11)
19 seun van Salomo
27 wingerde en olyfbome in Jos. 24
28 die koning van die konings (Eseg. 26)
29 hulle is blinde van blindes (Matt.15)
30 Richmond (Natal) se ou reg.
31 geloof aan net een God
39 die helfte is my nie meegedeel (11 Kron. 25)
42 stad in laeveld van Juda (Jos. 15)
43 tempelslaaf (Esra 2)
45 Griekse "P"
46 herskep
49 neodinium (simbool)
50 koning van Basan (Num. 21)
51 'n stad volgens Lukas 7
52 Salomo se seun
55 kosteloos (2 wde)
56 weens
57 rivier in Europa
59 geen
60 die twintigste lot (1 Kron. 24)
64 verder
65 bewoners van die land van die Nyl
70 profeet
72 sy vader was Joktan (Gen. 10)
75 seun van Elifas (Gen. 36)
79 dokument van jouself
80 weggevoer is die eer uit Israel (1 Sam. 4)
83 eetmaal
85 ou registrasie van Maltahöhe
86 dankie
87 binne
89 grensdorp in Aser (Jos. 19)
92 smartkrete klink (Jer. 48)
96 Amàsia se ouderdom (11 Kron. 25)
97 vrou van Esau



# Die Heidelbergse Kategismus

Om te bely, is om in eie woorde weer te gee wat God in sy Woord aan ons gegee het. Ons belydenis is 'n eggo, 'n weerklank van die Heilige Skrif. Die belydenis van die kerke anker in die Bybel en is bedoel om niks anders as die Woord van God sistematies en kompak te verwoord nie. Dit blyk by uitstek uit die Heidelbergse Kategismus.

Die Kategismus is 'n gesagvolle leerboeke en 'n troosboek by uitnemendheid. Nie dat dit uit homself waarde het nie. Die gesag van die belydenis lê daarin dat dit met die Bybel ooreenstem. Die tekste wat by elke vraag en antwoord gevoeg word is 'n klinkklare bewys daarvan.

Dit is opgestel deur Ursinus en Olevianus in opdrag van die vrome Frederik III, keurvors van Palts wat Heidelberg as hoofstad gehad het. Dit is voltooi in 1563 en bevat 52 Sondagsafdelings om elke Sondag van die jaar 'n spesifieke geloofswaarheid te kan behandel.

Dit is onderverdeel in drie dele wat handel oor:

- Die mens se ellende (Sondae 2—4)
- Die mens se verlossing (Sondae 5—31)
- Die mens se dankbaarheid (Sondae 32—52)

Vir baie jare kon ons dit nie in boekvorm vind nie. Nou is dit weer uitgegee in Afrikaans. Ene Nieuwenhuis het dit saamgestel. Dit is 'n besondere boek wat gelowiges help om:

- standpunt in te neem teenoor dwalinge;
- te getuig teenoor die wêreld (1 Pet. 3:15: "*Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe...*");
- eenheid tussen die verskillende kerke en gelowiges te bewaar, sodat elkeen nie maar verkondig wat hy wil en daar verwarring ontstaan nie; en
- die ware godsdiens suiwer aan die nageslag oor te dra.

Mag hierdie boekie tot die vermeerdering van Bybelkennis en insig bydra. Dit is beskikbaar by Aletta Prinsloo @ N$75.00. Kontak haar gerus (081) 376 6821.

# 'Children of God Storybook Bible'

'n Mens doen seker nie 'n resensie van 'n boek nog voordat die boek verskyn het nie. Maar, aangesien die propaganda en indoktrinering om hierdie boek te koop al reeds begin het, sonder dat dit al verskyn het, kan 'n paar opmerkings reeds daaroor gemaak word.

Die webblad van die boek en die 'teologie' van die skrywer gee reeds genoegsame redes om teen die boek te begin waarsku, maar ek kan nie waarborg dat dit nie die nommer een topverkoper plek orals, insluitende by jou naaste 'Christelike boekhandelaar' gaan behaal nie.




Op die webblad word die boek geadverteer onder die slagspreuk "*the biggest children bible project ever*", dit is reeds in 12 tale vertaal (ongelukkig Afrikaans ook) en 'n groot uitgewer van oorsee, Zondervan, het al 'n bestelling van 60 000 ingesit. Ja, die tille rol.

Die boek se naam is "*Children of God Storybook Bible*", soos vertel deur Desmond Tutu, gewese aartsbiskop van Kaapstad. Die biskop was ook die eerste persoon wat dit reg gekry het om die Nobelprys vir Vrede (1984) te wen vir 'n land met die minste vrede.

Hierdie skrywe is 'n paar voorlopige opmerkings, maar vanuit die inligting wat reeds beskikbaar is, lyk dit of hierdie boek 'n versameling van fabels gaan wees, wat nie gefokus is op die eer en lof van die Drie-enige God nie, en nog minder op ware liefde, vergifnis en versoening met die naaste.

En, as jy die waarheid vir fabels kan verruil met mooi prente en 'n 'oulike omie' wat dit vertel, soveel beter. Ouers en gemeentes moet daarom hierdie boek vermy, die prentjie 'bybels' opsy stoot (ook die sogenaamde 'goeies'), en opnuut hul Ou Vertaling Bybels uithaal, die gesin saamroep om die huisaltaar, en weer begin vashou aan 2 Timoteus 3:14-17.

Hier is die volledige artikel wat solank 'n klomp redes gee waarom hierdie 'kinderbybel' nie aangekoop moet word nie: http://proregno.files.wordpress.com/2010/07/tutu-se-familie-van-god.pdf



Ds. Slabbert Le Cornu

# My gesindheid teenoor iemand van 'n ander gemeente.



Ons kan amper sê, kerke skiet deesdae soos paddastoele op. Wat moet my gesindheid dan wees teenoor mense in ander kerke? Sommiges gebruik die beeld van rugby om dit te verduidelik. Almal skreeu vir sy span, maar dit maak nie die een ondersteuner reg en die ander een verkeerd nie. Daarmee wil hulle sê dat jy nie kan sê dat die een kerk verkeerd is en die ander reg nie. Dis egter nie waar nie. Die Bybel leer ons self daar is ware en valse kerke. Die Bybel leer ook "*daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,"* (2 Tim. 4:3).

Die Here vra egter van ons: "*Maar spreek jy wat by die gesonde leer pas.*" (Tit. 2:1). Die Here vra van ons die grootste liefde en verdraagsaamheid en enige moontlike samewerking met almal wat hom werklik liefhet en sy Woord wil gehoorsaam. Ons moet bid dat die Here die verskeurdheid van sy liggaam sal herstel en op sy tyd ware eenheid, dit wil sê een kerk, sal gee vir al sy kinders, sodat almal hartlik daaraan kan meewerk.

Met groot liefde en geduld moet ons mense wat van die Bybel afwyk, teregwys en steeds onsself reformeer (hervorm) om nog meer aan die Here en sy Woord alleen getrou te bly.

Onthou altyd dat die Bybel ons leer dat die kerk een liggaam van Christus is en die Bybel leer ons ook dat ons aan die waarheid van God se Woord moet vashou. Ons kan dus nie streef om een te wees met hulle wat nie aan God se Woord wil vashou nie.

Die Redakteur

## Opgedis



# Marshmallow Tert

1 blik kondensmelk
1 blik Pynappels ('crushed')
Gesnipperde marshmallows

1 pakkie Tennis- of Mariebeskuitjies
Botter

Meng kondensmelk, pynappels en marshmallows goed saam. Krummel kors van Mariebeskuitjies of Tennisbeskuitjies met botter. Giet mengsel bo-oor kors en plaas in yskas om te stol.

Cynthia de Smit



# Die hemel is 'n werklikheid en dwaling ook!

Natuurlik is die hemel 'n werklikheid, want die Woord van God (Die Bybel) leer ons baie uitdruklik so en daarom hou ons ook aan hierdie waarheid vas. Daar is egter nog 'n werklikheid waarmee ons toenemend te doene sal kry op aarde en dit is: dwaling (2 Tim. 4:3-4).

Dit is tyd dat Cho Thomas se boek, Die hemel is 'n werklikheid, wat handel oor haar opname in die hemel, ontmasker word, want sy mislei goedgelowige mense dwarsoor die wêreld daarmee en lag al die pad bank toe. Leer meer van haar en haar dwalings ken by http://en.wikipedia.org/wiki/Choo_Thomas

Gaan kyk ook hoe gebruik sy die bangmaak tegniek as jy durf om met haar te verskil by http://choothomas.org/

**Vanwaar kom die boek?**
Die boek is gepubliseer in Oktober, 2003. Die voorwoord is geskryf deur Dr. Yonggi Cho van Korea. Dit was in dieselfde jaar van publikasie 'n internasionale topverkoper en selfs gelys as die nommer 7 boek van topverkopers van alle charismatiese boeke.

Die feit dat dr. Yonggi Cho hierdie boek vertaal het en orals aanbeveel, bring reeds 'n groot probleem, want wie van die aanhangers van hierdie boek weet werklik iets van dr. Yonggi Cho? Dr. Cho is bekend daarvoor dat hy die Chritsten geloof meng met Buddistiese en verskeie New Age konsepte. Hieroor is daar reeds vyf keer krities in erkende boeke geskryf, o.a: Christianity in Crisis en Power Religion: The Selling Out of the Evangelical Church? Dr. John F. MacArthur, bekende teoloog en kampvegter vir die waarheid van God se Woord skryf reguit: "Cho's ideas are rooted in Buddhist and occult teachings" (p. 149, Charismatic Chaos). Leer ken Cho, sy dwalings en die ondersoek wat in September 2011 begin is na die $20 miljoen wat hy na bewering uit die kerk waar hy afgetree het, gesteel het, by: http://en.wikipedia.org/wiki/David_Yonggi_Cho


**Wat sê die Bybel?**

**Paulus se ondervinding**
"*... ek weet van so 'n man -- of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit - dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie"* (2 Kor. 12:3-4). Alle kommentators is dit eens dat Paulus hier skryf van sy belewenis dat hy in die hemel opgeneem is. Wat interessant oor hierdie gebeurtenis is, is die feit dat hy niks wat hy gesien of gehoor het met ander deel nie. Hoekom nie? As iemand dan vandag sê dat hy in die hemel was (daar is nog baie sulke boeke en getuienisse), maak hulle 'n hele bedieningsbesigheid van die ondervinding. Paulus het egter niks daaroor geskryf nie, want dit was net sy eie ondervinding en sou nie ander baat nie.

Lees gerus wat verklaar die NIV Commentary hieroor: "*What Paul heard (and saw?), human words were inadequate to relate (v.4b). Furthermore, he was not permitted to try to share the content of the revelation, perhaps because it had been designed for him alone, to fortify him for future service and sufferings* (Ac 9:16; Ro 8:18). *Glimpses the NT does give of the coming glory are intended to strengthen faith and promote holiness* (cf. 2 Pe 3:10-14;p 1Jn 3:2-3) *not satisfy curiosity.*"

Niks wat Thomas geskryf het, versterk die geloof wat in die Bybel beskryf word nie en dit bevorder beslis ook nie heiligheid nie. Wat hierdie boek doen, is om na die menslike outeur te wys en te impliseer dat sy as spesiale boodskapper verkies is om in die laaste dae die gelowiges voor te berei vir die terugkoms van Christus. Niks in haar mitologiese geskrif moedig mense aan om terug te gaan Bybel toe om sodoende toe te laat dat God praat deur die Bybel se onfeilbare bladsye nie.

Hierdie verskynsel van mense wat leerstellige dinge en praktyke aangaande ons geloof gebaseer op persoonlike ondervindings




bevorder is nie iets nuuts nie. Daar is baie voorbeelde daarvan in die geskiedenis van die kerk van Christus.

**In hierdie laaste dae praat God met ons deur Sy Seun**
"*Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag ...*" (Heb. 1:1-3). Ja, God het gepraat deur profete in die verlede. Ja, God het op verskeie maniere gepraat deur drome, visioene en somtyds deur engele. In hierdie laaste dae het God egter met ons gepraat deur Sy Seun.

**Petrus se ondervinding**
Petrus het geweet van sy naderende dood (2 Pet. 1:13-15), wat hy te sê gehad het was baie belangrik vir hom as pastor. Hy herinner die mense dat hy op die berg was saam met Jesus en God hoor praat het. Wat vertel hy dan vir die kerk? "*En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n*

*mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek*" (2 Pet. 1:19 –21). Alhoewel, Petrus self daar in persoon was om die woorde van God te hoor, leer hy die kerk dat hulle "*'n woord wat baie vas is*" het (die geskrewe Woord) en dat hulle goed sal doen om daarna te luister, want dit is soos 'n lig wat skyn in 'n donker plek. Petrus preek nie sy eie woorde en ervarings nie, maar waarsku om na die Woord te luister.

Hoekom hierdie klem, Petrus? Hy antwoord. "*Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer...*" (2 Pet. 2:1-3).

Die probleem is dat die 'woord wat baie vas is' (die boodskap van die Bybel) nou nie meer so gewild is nie en die begeerte is eerder om te soek na die waarheid vir vandag. Hierdie waarheid is kwansuis bekom deur sekere uitverkorenes op mistieke wyses. Hierdie sekere uitverkorenes se belewenisse word dan teenoor die waarheid wat uiteengesit word in die Bybel, gestel en geglo.

Kom ons leer eerder by die gelowiges in Handelinge. "*En hierdie mense ... het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.*" (Hand. 17:11).

Daar is so baie tekste wat ek nog kan bespreek om die dwaling van die boek te weerlê. My plek is egter beperk in hierdie artikel, daarom verwys ek julle ook na die volgende twee webtuistes. Gaan lees dit. Deel dit uit. Help om die misleiding af te weer.

http://thebereanlibrary.com/archives/2980

http://www.letusreason.org/bookR19.htm

Ds. Neil Prinsloo



facebook Like

VARS onderwys

**Wat doen ons?**

- Bevorder Christelike onderwys in Namibië.
- Ontwikkel 'n onafhanklike, tersiêre onderwyserakademie in Windhoek.
- Doen navorsing oor Christelike Onderwys.

**Raak betrokke!**

- Vertel almal van VARS Onderwys.
- Teken 'n aftrekorder vir net N$40.00 en gee so finansiële ondersteuning.
- Vind meer uit: Neil Prinsloo (081) 294 0055; vars@mweb.com.na
- Sluit aan by ons op facebook.

**Bankbesonderhede:**
Rekeningnaam: VARS
Bank: FNB – Outjo
Takkode: 280-773
Rekeningnommer: 622 4496 0276

## VARS - Vir 'n hoopvolle toekoms



# My kind is verbonde aan ons Here

Mans wys nie sommer hulle emosies nie. Dit is 'n ingebore manne ding. 'n Man wys veral nie dat hy bang is nie, maar op hierdie dag het my broek gebewe. Terwyl ek daar staan en bewe, dink ek aan al die kere wat ek al gebewe het. Voor 'n groot rugbywedstryd, voor 'n toespraak en natuurlik net voor senior ontmoeting in die koshuis. Hierdie bewe was egter anders. Ek dink mens kan dit 'n heilige bewe noem. Hierdie bewe kan eerder vergelyk word met die aflê van belydenis, of om vir jou toekomstige vrou te wag voor die kansel. Hierdie bewe was met die doop van my babadogtertjie.

Die dag van haar geboorte was 'n dag vol van emosies. Liefde, vreugde, angs en bekommernis. Die geboorte saal is die ongemaklikste plek vir 'n man. Daar is net te veel emosies. Daardie hele dag klop my hart buite my bors van blydskap, maar ook van bekommernis. Die realiteit van verantwoordelikheid slaan my tussen die oë. Ek weet nie eers hoe om die kind vas te hou nie, nou moet ek nog vir haar sorg! As ek maar net die geloof van 'n mosterd saadjie gehad het, sou ek maar net die vreugde van die dag geniet het. In plaas daarvan, maak ek heeldag finansiële somme.


Heeldag word ons besoek deur oumas en oupas wat die kind se voete kielie om haar oë te sien. Asook broers en susters, oom en tannies, vriende en gemeentelede almal kom deel die blydskap van die nuwe toevoeging tot hulle almal se lewe. Sy is net 'n paar ure oud en sy is nie net aan ons as ouers verbind nie, maar ook aan die kerk. Sy is verbind aan die liggaam van Christus, medegelowiges wat omgee vir haar al ken hulle haar nog nie eers nie.

Die kommer en die somme woel egter steeds in my gedagtes, totdat ons 'n besoek kry van ons predikant. Hy lees vir ons uit Matteus 6:30-31 "*Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.*" Met die predikant se woorde wat volg, "*Onthou die Here is liewer vir haar as wat julle vir haar is.*" Net God se Woord kan sulke gemoedsrus bring. Ek kom tot die besef dat my dogtertjie nie net in 'n verbond lewe met almal wat vir haar lief is nie, maar sy is ook in 'n verbond met God. Wat 'n troos, my kind is nog nie gedoop nie, maar sy behoort voor die grondlegging van die wêreld aan Jesus Christus.

In die Gereformeerde kerk is dit die regte ding om jou kind te doop op 'n jong ouderdom. Hoe jonger hoe beter. Ek het egter nie die doop en die bedoeling van die doop baie mooi verstaan nie. Vriende het ons gekonfronteer met vrae soos: "*Hoe kan julle haar doop as sy nog so klein is, sy weet dan nie eers wat gebeur nie?*" "*Dink julle nie julle moet haar inseën sodat sy as sy groot is haarself soos Jesus kan laat doop nie?*" Al hierdie vrae het my weer opgeroep tot selfstudie. Die studie van die doop was vir my en my vrou so verrykend en opwindend, omdat dit die doop was van ons eie kind.

Al die studie uit goeie boeke kan nie beter opgesom word as in die Doopsformulier nie. Daarin het ons geleer dat ons en ons kind in sonde ontvang en gebore is. Ons en haar reiniging en saligheid is buite onsself. Hoewel ons kind die doop nog nie verstaan nie, mag sy nie van die doop uitgesluit word nie. Sy het immers deel aan die sonde van Adam, sonder dat sy dit weet. So ook het sy deel aan die verlossing van Christus, sonder dat sy dit weet. Daarom kom die beloftes van die Here nie net ons toe nie, maar ook ons kind. Ons as ouers is verplig om ons kind breedvoerig te onderrig hieromtrent. Die doop van my kind was vir myself weer 'n teruggryp na my teken en seël wat ek ontvang het van die Here jare gelede.

Daar voor die kansel het my broek gebewe. Dit kan vergelyk word met Israel se gebewe voor die Here in Eksodus 20:18-19 "*En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons.*" Om in die teenwoordigheid van die Here te staan is skrikwekkend, tog staan ek gewas in die bloed van Christus. Ek bewe, maar tog staan ek nog. Kan jy onaangeraak wees as jy die heerlikheid van die Here aanskou het? My bewe is dus 'n heilige bewe, omdat ek besef dat my kind nie net gebind is aan my en die gemeente nie, maar ook aan die Here. Dit is Sy kind. Ek kyk om en sien my pa pik 'n traan. Hy sal in sy manlikheid sê daar was iets in sy oog, maar ek weet hy het ook gestaan voor die aangesig van God.



Morné Diedericks



 Inisiatief Gereformeerde Kerke Waterberg-Namibië

# Die Aartsvaders



Génesis 15 en 21

Soek die regte antwoorde:

besnydenis, lag, Isak, doop, Arabiere,
Ismael, verbond, Hagar, nageslag

1. Die HERE rig 'n v…………… met Abram op.
2. Hy beloof dat Abraham 'n groot n…………… sal hê.
3. Sarai word ongeduldig en gee haar slavin H…………… aan Abram.
4. Hulle kry 'n kind en noem hom I…………… .
5. Hy is later die vader van die A…………… genoem.
6. God belowe steeds dat Sarai 'n seun sal hê. Hy sê hulle moet hom I…………… noem.
7. Dit beteken om te l…………… .
8. God stel ook die teken van die verbond in. Dit is die b……………. . Vandag is die teken van die verbond die d…………… .
9. Ons sing vandag nog Psalm 105:5, van die beloftes van die verbond.

**Sing Psalm 105:5 en kyk na die belofte van die verbond met Abraham.**

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | A | L | O | M | O | | | D | E | K | A | L | O | O | G |
| A | | E | | A | M | P | S | R | U | S | | A | G | E | E |
| M | | V | | G | | | E | A | | | O | | | | |
| U | R | I | A | | B | E | N | A | B | I | N | A | D | A | B |
| E | E | T | | N | E | B | U | K | A | D | R | E | S | A | R |
| L | E | I | E | R | S | | | | | | E | | | | |
| | N | K | | | M | O | N | O | T | E | I | S | M | E | |
| | B | U | I | T | E | N | G | E | W | O | N | E | | L | |
| B | O | S | K | A | T | | | W | | N | E | S | I | A | G |
| R | O | | O | M | T | O | W | E | R | | | | N | D | |
| O | G | | N | A | I | N | | R | E | H | A | B | E | A | M |
| D | | V | I | R | N | I | K | S | | O | M | | | | |
| D | R | A | U | | G | N | | | E | S | E | G | I | E | L |
| E | N | | M | | E | G | I | P | T | E | N | A | R | E | |
| L | | A | | M | | E | L | I | S | A | | S | | | B |
| A | B | I | M | A | E | L | | R | | | | O | M | A | R |
| A | E | | I | D | | I | K | A | B | O | D | | E | T | E |
| R | S | | S | M | | G | | T | A | | I | N | | | G |
| | N | E | I | E | L | | G | O | R | O | N | A | J | I | M |
| V | Y | F | E | N | T | W | I | N | T | I | G | | A | N | A |

## Blokraai oplossings

# Ek vind rus by u altare!



Lees: Psalm 84


**Ons is opsoek na rus.**
Hulle is uitgemergel deur die omstandighede van die tyd. Op talle terreine word daar van ons gevat en gevat en dit voel of die oases van rus maar min is. Asof daar min ruimte en plek is vir herstel en opbou. Keer op keer in pastorale gesprekke kom dieselfde sug na vore: "*Ek is moeg. So, so moeg.*" Ons soek na rus in geloofworstelinge, ons soek na rus in versoekings, ons soek na rus in beproewing. Op feitlik elke terrein van die lewe soek ons rus.

**Ons rus lê in die HERE, Here.**
Hoe mooi Psalm 84 – ek vind rus by U altare. Ons rus lê in die HERE Here. Nie in die kerk nie, maar deur die kerk word ons by Hom gebring. Vandag, met al sy kitsoplossings en strooihalms wat die mens gryp, vergeet ons maklik en dikwels dat juis by Sy altare vir ons die rus is. Die afgelope jare het kerkbegrip en kerkbelewing so verander dat ons soms min begrip het daarvoor dat die grootste rus juis deur die kerk bedien word. Om in die kerk te hoor dat jy kan rus van al jou sonde – dit is die grootste rus.

**Mense stroom nie juis kerk toe nie.**
Kom ons wees eerlik. Mense stroom nie juis noodwendig kerk toe nie. Mense sal mekaar nog verdruk en vertrap om hulle gunsteling sokkerspanne te sien speel, en mense sal nog oorsee vlieg vir 'n rugbywedstryd, maar sommer gewone erediensbywoning is maar nie altyd 'n prioriteit nie. Totdat ek rus nodig het. Dan word daar gegryp na God en die kerk en in die moeilikste omstandighede gaan diep ek weer al my kennis oor God en die kerk en my geloof op. So moet dit nie wees nie. Die Here leer ons om in Hom rus te vind. Daar moet in ons geen onrus wees nie, want Hy is ons rus. Hy is ons skuilplek en ons Rots.

**Vurige verlange na die HERE.**
Psalm 94 besing die wonderlike, vurige verlange na die HERE en die saamwees met Hom. In die Psalms word dikwels van die tempel gesing – ook genoem die woonplek of tempel of huis van God, of plek van gebed. Dit gaan nie oor die gebou nie, nie oor die tempel nie, maar oor die voorreg en die RUS om God te kan ontmoet. Hoe lief het ek u wonings Heer? Want daar ontmoet ek U! Daar ontvang ek rus vir my siel en krag vir my dag. Daar word ek rustig in 'n onrustige wêreld. Die digter van Psalm 84 smag na die rus van God se huis. Wat 'n wonderlike uitkoms in 'n vreeslike wêreld – ek vind rus by u altare!

- Is jy vandag onrustig?
- Kleingelowig oor die tye wat wag?
- Vasgevang in bekommernis en twyfel?
- Onseker oor die dae wat kom?



Roep saam met die digter van Psalm 84 uit: ek vind rus by u altare. Vind u rus in God. Hy is die enigste rus.

Ds. Hannes Noëth